# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 14 JUNIE 2026

# DERDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons bid die seën van die Here oor die veiligheid, welstand en toekoms van De Eike se Jeug.*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 5:1-8; Genesis 18:1-15, (21:1-7);**
**Psalm 16:1-2, 12-19; Matteus 9:35–10:8, (9-23)**

| SONDAG, 14 JUNIE | |
|---|---|
| | BIDDAG VIR DIE JEUG EN KATEGESE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Jeugwerk<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman |
| | **GEEN**<br>• Senior Kategese<br>• Kleuter- en Kinderkerk<br>• Gemeentetee |
| **MAANDAG, 15 JUNIE** | |
| | SPESIALE SKOOL-VAKANSIEDAG<br>**Kerkkantoor is gesluit** |
| **DINSDAG, 16 JUNIE** | |
| | **JEUGDAG** |
| **WOENSDAG, 17 JUNIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 18 JUNIE** | |
| **Sopkombuis** | |
| **Sopkokers:** | Carina De Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder, Heléne Steenkamp, Suzette Engelbrecht, Delean Coetzee |
| **Sop warm maak beurt:** | Delean Coetzee |

**VRYDAG, 19 JUNIE**

**SATERDAG, 20 JUNIE**

**SONDAG, 21 JUNIE**

VIERDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
VADERSDAG

09:00 Oggenddiens
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Paarl-skool
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

**Na afloop van die Erediens**

- Gemeentetee
- Senior Kategese

# GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Chris en Hermien du Preez vanaf Parkkruin Familiekerk.
2. Ons dink aan Zerelda en Gerry Esterhuizen(Zevenwacht Country Estate) na die afsterwe van Zerelda se ma, Christine de Witt.
3. Marita Pienaar(Koistraat) het ‘n knie-operasie ondergaan en sterk tuis aan.
4. Ronel le Grange(Gemsbokstraat) se pa is Maandag oorlede.
5. Lucy Mulder(Ansteystraat) se broer weer in hospitaal.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

14/06 Anita Jonas(80), Gawie Greeff, Jacques Huysamer, Jan Rossouw
15/06 Hester Bosch
16/06 Dewald Coetzee, Philip de Kock, Kuyper Albertyn, Lienke Nieuwoudt, Wihan Smith
17/06 Liza Müller, Karel van Schalkwyk, Emma Vlok, Lohan Bester
18/06 Joelene Conradie, Ben-Willem Jonker, Lourens du Plessis, Jeanne Karstel, Emma van der Vyver
19/06 Hester Haynes, Bertha de Kock(88), Tania Loots, Marie-Lee Deyzel
20/06 Bossie Brink(82), Flippie Esau, Roeline Houghton-Hawksley



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die kerkkantoor sal **gesluit** wees **Maandag 15 Junie 2026**, aangesien Dinsdag ‘n openbare vakansiedag is en Maandag ‘n skole vakansiedag is.
2. Ds Adriaan is van 17 tot 21 Junie 2026 met verlof.
3. Die kerkkantoor sal **gesluit** wees **Maandag 29 Junie 2026.**



# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Jeugwerk

Die Jeug- en Familiebediening van die Wes-Kaapland fokus op die ondersteuning, toerusting en navorsing van Jeugwerk wat deur gemeentes gedoen word. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Kategese ondersteuning
- Familiebediening hulpmiddels
- #imagine feesnaweek
- Navorsing oor jong volwasse bediening
- Kinderbediening ondersteuning

Jeug en Familiebediening het ook twee gratis toeps ontwikkel: “onsglo” en “dinkjeug families” wat geloofsgesprekke onderskeidelik in groepe en in gesinne wil ondersteun.

021 808 9050 **|** jeug@sun.ac.za www.dinkjeug.co.za |
www.kixkinders.co.za | DinkJeug op YouTube | www.onsglo.co.za

# DIE KOSMANDJIE

Ten spyte van ons baie suksesvolle basaar, het daar steeds baie produkte ingekom vir lede van ons gemeente wat steeds swaar kry in hierdie tyd. Ons wil elkeen hartlik bedank vir sulke vrygewigheid. Elke item word werklik waardeer.

Die enkele items wat laag is, is die volgende :

- langlewe melk
- kondensmelk / idealmelk
- speserye
- blikkies mielies / ertjies
- toiletpapier
- sjampoo
- melkpoeier
- lekkers / chippies
- tamatiepasta
- bully beef
- aanrol vir mans
- waspoeier

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# BYBELS

Daar is gratis Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels by die kerkkantoor beskikbaar.

Indien jy graag iemand wil seën met ‘n Bybel, kontak die kerkkantoor.

# KLERE & VERE

Dankie vir al die bydrae wat gemaak is.

Dit word versprei na gemeenskappe/dorpe waar dit broodnodig is.

Skoon heel klere, linne, ens en ook speelgoed is baie welkom.

*Vere-groete*

# AKSIE SAMARITAAN




# DIENSBAARHEID

Ons het die volgende boodskap vanaf Lizette Wilson van "Kuils River Our Beautiful Town/Ons Mooi Dorp" ontvang:

*Hennie van Zyl (78) is in De Eike Gemeente. (Woon in Voogdy straat).*
*Hennie is absoluut onmisbaar vir die projek. In die somer ry hy water aan in sy Flowbin, maak die middelman van Kerkstraat nat, en gaan selfs op sy knieë om onkruid uit te trek.*

# WINTERSPROKIE ETE




# MARKPLEINKERK




# SENIOR KATEGESE



Pannekoek na die Erediens

Kom ondersteun ons Senior Kategese op Sondag 21 Junie deur ná die erediens heerlike varsgebakte pannekoeke te koop.

Prys: Slegs R5 per pannekoek.

Bring die hele gesin saam en geniet iets lekkers terwyl julle kuier. 'n Eenvoudige gebaar wat 'n groot verskil maak.

Baie dankie vir julle ondersteuning!

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Geloof as gawe van God



**Prediker**: Ds Adriaan Vogel

**Skriflesing:** Titus 3:1-10 (2020 Vertaling)

**Opening**
"Ek staan by die deur en Ek klop…" Byna alle Christene is bekend met hierdie beeld vanuit Openbaring 3:20. Die beeld is duidelik, om Jesus in jou lewe te ontvang, is om jou hart oop te maak sodat Hy daarin kan woon. Die vraag vir hierdie week is, "met watter gesindheid doen ons dit?"
Sommige mense laat jou tuis voel in hul huis en ander gee jou nie eens kans om 'n tree by die voordeur in te gee nie, voordat hulle jou herinner dat hulle binnekort êrens moet wees en dat hulle nie kan opgehou word nie.

**Gereed en gepak, maar nêrens om te gaan?**
Terwyl daar van elke Christen verwag word om 'n lewe te leef wat getuig van Christus, is dit belangrik om te verstaan dat dit nie daardie goeie dade wat ons die reg gee om in 'n verhouding met God te staan nie. Die nuwe optrede is 'n gevolg van die nuwe lewe in Christus.
Dis soos met iemand wat op vakansie gaan. Hulle pak behoorlik omdat daar reeds 'n vakansie beplan is. As daar geen vakansie beplan is nie, maar dit nie saak hoe deeglik jy pak nie, want jy gaan nêrens nie.
Teks: Titus 3:1-10

**Verandering volg God**
Die verandering in die mense se lewens kom eers nadat hulle werklik God ontmoet het. Hulle was nie gedwing om eers goeie mense te word voordat God hulle raaksien nie.
Vernuwe en herinner
Dit beteken nie dat ons nou finaal ontslae is van die sonde nie. In hierdie teks van vandag word die mense herinner om hulself weer aan die goeie werke te wy. As gelowiges doen ons dit ook vir mekaar, sodat ons die gawe van geloof kan vier.
Waar pas goeie werke dan in?
Beteken dit dat goeie werke maak nie saak nie? Natuurlik doen dit! Maar bevryding bring die nuwe lewe en nie andersom nie. God gee geloof as 'n gawe aan ons. In daardie geloof groei ons, vernuwe ons en neem ons die nuwe lewe aan. Die nuwe lewe is nie moontlik uit ons eie krag nie.

**Wat beteken dit vir my getuienis?**
Elkeen van ons is gestuur om te getuig oor ons geloof. Maar as geloof 'n gawe is en nie iets wat elke gelowige bereik nie, wat is die punt daarvan om te getuig? Moet die Gees nie dan self iemand oortuig nie? Markus 4:26-29 kan ons dalk hiermee help.

**Let op wat word gesaai**
Galasiërs 6:7 deel die bekende uitspraak, "Wat die mens ook al saai, sal hy maai." Dus moet ons waak teen wat ons saai. Hierdie teks gaan nog een stap verder deur te waarsku, "waak teen wat ander saai."